

Die Afrikaner en die demokrasie II: die dekades voor 1948

LEOPOLD EN INGRID SCHOLTZ•

‘n Vernederde en verarmde volk

Soos in die vorige aflewering uiteengesit,¹ het die Afrikanergeskiedenis van die negentiende eeu verskillende tradisies geherberg. Ofskoon die wortels van wat in die twintigste eeu gebeur het wel deeglik tot die negentiende eeu herlei kan word, het laasgenoemde era geen wet van Mede en Perse opgelewer wat die twintigste-eeuse verloop vanselfsprekend gemaak het nie. Teen 1899 was dit in beginsel steeds moontlik dat die Afrikanergeskiedenis verskillende rigtings kon inslaan.

Dat die verloop van sake inderdaad uitgemonde het in apartheid, ‘n outoritaire politieke kultuur en uiteindelik ‘n verkragting van die demokrasie selfs onder blankes onderling, was die gevolg van twee nou verwante, oorkoepelende faktore: die Anglo-Boereoorlog en die verarmings- en verstedelikingsproses wat deur die oorlog versnel is. Eersgenoemde was ‘n enorme nasionale vernedering; laasgenoemde (met sy hoogtepunt in die depressie van die jare dertig) het ‘n geweldige sosiale ontreddering meegebring. Dieselfde twee faktore was in dieselfde jare byvoorbeeld ook in Duitsland werkzaam – ‘n nasionale vernedering weens die nederlaag van die Eerste Wêreldoorlog, en die ekonomiese krisisse van 1920-’24 en die jare ná 1929. Dit verklaar terselfdertyd waarom soveel Afrikaners in die jare dertig en veertig toenemend hul toevlug by ‘n nuwe en vreemde ideologie soos die nasionaalsosialisme gaan soek het.

-
- Leopold Scholtz is adjunkredakteur van *Die Burger* en besoekende professor in geskiedenis aan die Universiteit van Stellenbosch. Ingrid Scholtz, ook historikus, is vryskut-dosent aan die Departement Joernalistiek aan die Universiteit van Stellenbosch. Hulle werk tans saam aan ‘n boek met die titel Afrikanerskuld?
 - 1 . L. en I. SCHOLTZ, “Die Afrikaner en die demokrasie I: die negentiende eeu” in *Historia*, 47(1), Mei 2002, pp. 291-314.

In C.M. van den Heever se biografie van genl. J.B.M. Hertzog is daar ‘n aangrypende staaltjie wat goed illustreer waarom dit hier gaan. In 1902 het die generaal ‘n Bloemfonteinse poskantoor binnegestap en daar gesien hoe sy volksgenote sukkel om bedien te word, bloot omdat hulle nie Engels verstaan nie.

Nederig het hulle ‘die Generaal’ gegroet; daar was ‘n donker smeking in hulle oë. Hulle het na hom en ander Afrikanerleiers omgesien om raad, om hulp, om leiding. Diep in hom het daar die sterkste krag geroer wat daar in die mens is. Hy het ‘n taak, ‘n groot en verantwoordelike taak wat voorlê.²

Op dié oomblik het ‘n nuwe vryheidstryd vir die Afrikaner begin, een wat aan die volk sy selfrespek en vryheid moes terugbesorg. Dit sou op die politieke, kulturele, geestelike en ekonomiese terrein gevoer word. Dit is nie nodig om alte veel op die besonderhede in te gaan nie. Die doel van dié afdeling is om aan te toon dat die Afrikaners in die dekades ná die Anglo-Boereoorlog op verskeie terreine ‘n stryd om voortbestaan en oorlewing moes voer.

Op *kulturele* vlak het die Afrikaners in die Kaapkolonie al lank geveg teen die tendens dat jong Afrikaners op hul eie taal, kultuur en herkoms neergesien het. In 1886 het *De Zuid-Afrikaan* al gewys op die verskynsel dat jong mense niet alleen in den regel Engelsch liever dan hun eigen taal spreken, maar ook veel eer Engelsch dan Afrikaansch in hun denkbeelden zijn.³

En ná die Anglo-Boereoorlog het lord Milner ‘n massale immigrasieprogram uit Brittanje op gang probeer bring om die Afrikaners binne enkele jare in ‘n minderheid om te skep. In ‘n private brief het hy die doel van sy anglisering beleid beskryf as ‘n proses

to make English indispensable in the future, and to prepare the rising generation for that state of affairs by practically compelling them to learn it, but to permit Dutch until the Anglicising process is consummated ...⁴

Op *politieke* vlak het Afrikanerleiers hard geveg om binnelandse selfbestuur vir die verowerde Transvaal en die Vrystaat te verkry, iets waarin hulle in 1906 en 1907 onderskeidelik geslaag het. Dit is in 1910 bevestig toe die vier kolonies in die Unie van Suid-Afrika saamgesmelt het. Deurdat die bestaande beperkings op stemreg vir gekleurdes – inkomste- en geletterdheidsvereistes in die Kaapkolonie, sulke streng vereistes in Natal dat feitlik geen nie-blanke kon stem nie, en ‘n totale verbod op gekleurde stemreg in die twee

-
2. C.M. VAN DEN HEEVER, *Generaal J.B.M. Hertzog* (Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1943), p. 190.
 3. J.C. STEYN, ‘n *Tuiste in eie taal* (Tafelberg, Kaapstad, 1975), p. 164.
 4. P.H. ZIETSMAN, *Die Taal is Gans die Volk. Woelings en Dryfvere in die Stryd om die Afrikaner se taal* (HAUM, Pretoria, 1992), p. 75.

voormalige republieke – gehandhaaf is, is die weg geopen vir die Afrikaners om mettertyd hul getalleoorwig te gebruik om die politieke mag te verower.

Dit sou egter eers later gebeur. Voorlopig het sommige Afrikanerleiers soos Hertzog en oudpres. M.T. Steyn doelbewus die taalkwessie aangegryp vir die herwinning van die Afrikaners se selfrespek en politieke mobilisasie. In 1911 het Hertzog die taalkwessie byvoorbeeld uitdruklik aan selfrespek en oorlewing gekoppel. In ‘n toespraak in Pretoria het hy gesê:

Wij willen onze taal, omdat wij onze eer willen; wij zoeken onze taal te handhaven omdat wij onze rechten willen gehandhaafd zien; wij willen onze taal ge-eerbiedigd hebben, opdat onze volk zal ge-eerbiedigd zijn.⁵

Vir die Afrikanerleiers het die taalstryd egter ook ander elemente, veral ekonomiese implikasies, gehad. Vir pres. Steyn was aan die taal ook verbind ‘zijn geestelike en ekonomiese belangen’,⁶ terwyl Hertzog daarop gewys het dat Afrikanerseuns en -dogters ‘worden geweerd uit betrekkingen waarop ze aanspraak konden maken ... omdat ze juist niet zo vlot Engels kennen en omdat enkel kennis van Engels wordt gevergd.’ Vir hom was dit ‘een van de grootste oorzaken’ van die ‘arme blanken kwestie’.⁷

Dit bring ‘n mens by die *ekonomiese* terrein. Hieroor het Dan O’Meara, wat die ekonomiese posisie van die Afrikaners in die jare 1934-’48 ontleed het, geskryf:

[T]he structure of South African capitalism offered few opportunities to those whose home language was Afrikaans. The economy was dominated by ‘imperialist’ interests. Its language was English, and Afrikaans-speakers were powerfully discriminated against. Promotion and advancement required both proficiency in a foreign language – that of a conqueror – and virtual total acceptance of the structure of values dominant in the economy.⁸

Hieruit blyk een saak duidelik: die *nasionale* stryd van die Afrikaners kan nie in isolasie van hul *sosiaal-ekonomiese* stryd gesien word nie. Vir die destydse Afrikaners was die kapitalisme ‘n Britse maaksel, ‘n ander kant van die Britse imperialistiese munt, een wat op sowel die nasionale as sosiaal-ekonomiese vlak ‘n instrument vir hul onderwerping en vernedering was.

Dié siening het inderwaarheid al in die negentiende eeu ontstaan. In 1896 het die Vrystaatse blad *De Express* die verband baie eksplisiet in ‘n hoofartikel

-
5. *Die Hertzogtoesprake*, II (Perskor, Johannesburg, 1977), p. 169 (te Pretoria, 20.5.1911).
 6. G.D. SCHOLTZ, *Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, VI (Perskor, Johannesburg, 1979), p. 36.
 7. *Die Hertzogtoesprake*, II, p. 184 (te Burgersdorp, 13.7.1911).
 8. D. O’MEARA, *Volkskapitalisme. Class, Capital and Ideology in the development of Afrikaner Nationalism 1934-1948* (Ravan, Johannesburg, 1983), p. 55.

gelê: ‘De eigenlijke strijd is niet tusschen Boer en Uitlander,’ het die blad geskryf,

maar tusschen die twee tezamen aan den eenen en een hoop gewetenlooze kapitalisten en spekulanten aan den anderen kant. Dit wordt echter niet algemeen erkend en verstaan. De meeste Uitlanders meenen eene lyn te moeten trekken met hun vijanden, de kapitalisten en spekulanten, die evenals zij meestal Britten of Britsche onderdanen zijn, en van daar krijgt de strijd het aanzien van een tusschen Boer en Brit.⁹

Met ander woorde, volgens *De Express* het die nasionale stryd tussen Boer en Brit die klassestryd – waarom dit éíntlik gegaan het – tussen Baas en Klaas versluier.

Ook genl. Jan Smuts het die twee elemente aan mekaar gekoppel toe hy in 1899 geskryf het:

Als het beschikt is dat wij hoe nietig ook de eerste van alle volkeren zullen zijn die den strijd met den nieulen wereldtiran van het kapitalisme moeten beginnen, zijn wij daartoe bereid.¹⁰

Die komste van die Industriële Revolusie na Suid-Afrika in die tagtigerjare van die negentiende eeu was die gevolg van buitelandse, veral Britse inisiatief en kapitaal. Die Afrikaners, oorwegend plattelands en skaars geletterd, het dus van die begin af ‘n geweldige agterstand gehad. Soos elders in die wêreld, het die Industriële Revolusie ‘n verstedelikingsproses aan die gang gesit. Die doelbewuste verskroeide-aarde-strategie van die Britte in die Anglo-Boereoorlog het dié proses in die jare ná 1902 aanmerklik versnel: Waar minder as 10 persent van die Afrikaners teen 1900 in dorpe en stede gewoon het, was dit in 1926 reeds 41 persent.¹¹ En op die stede en die stedelike kultuur was die Afrikaners heeltemal onvoorbereid, met die gevolg dat hul agterstand enorm was. In 1939 was Afrikaner-ondernemers vir slegs 0,45 persent van die BBP verantwoordelik¹² en het Afrikaners slegs 3 persent van die maatskappy-direkteure en 8 persent van die land se bestuurders uitgemaak. Daarteenoor was hulle 50 persent van die fabriekswerkers, 69 persent van die mynwerkers en 82 persent van die ongeskoolde werkers.¹³ Einde 1932 het die Carnegie-kommissie van ondersoek na die armlankvraagstuk bevind dat die getal blankes wat ‘baie arm’ was, dit wil

9. *De Express*, 24.1.1896 (hoofartikel).

10. ANON., *Een Eeuw van Onrecht* (Staatsdrukker, Pretoria, 1899), p. 5.

11. F.A. VAN JAARVELD, *Stedelike geskiedenis as navorsingsveld vir die Suid-Afrikaanse Historikus* (RAU, Johannesburg, 1973), p. 16.

12. J.L. SADIE, “Die Ekonomiese Faktor in die Afrikaner-Gemeenskap” in H.W. VAN DER MERWE (red.): *Identiteit en Verandering. Sewe Opstelle oor die Afrikaner Vandag* (Tafelberg, Kaapstad, 1973), p. 93.

13. Kyk tabel in D. O'MEARA, *Volkskapitalisme*, p. 221.

66 mense wat nie in hul eie lewensbehoeftes kon voorsien nie, van 106 000 in 1921 tot 300 000 in 1932 toegeneem het.¹⁴ As in aanmerking geneem word dat 954 440 blankes hul huistaal by die sensus van 1926 as Afrikaans opgegee het¹⁵, kan aangeneem word dat sowat ‘n kwart van die Afrikaners inderdaad armlankes was.

Sulke toestande móés noodwendig ‘n invloed op die Afrikanerpolitiek en - politieke oortuigings uitoefen. Is dit ‘n wonder dat sommige Afrikaners toegegee het aan die lokstem van buitelandse ideologieë wat op ‘n allesomvattende antwoord op die probleme aanspraak gemaak het? Ofskoon dit nie die belangrikste fokus van dié studie is nie, moet hier gestel word dat dié eksistensiële nood van die Afrikaners, aangehelp deur hul gevoel van etniese vernedering, ook ‘n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die apartheidsideologie gelewer het. ‘n Enkele aanhaling illustreer dit. In sy beroemde Bloedrivier-toespraak van 1938 het dr. D.F. Malan in sy poëtiese prosa gesê:

Waar hy ook in die bres moet staan vir sy volk, ontmoet die Afrikaner van die Nuwe Groot Trek die nie-blanke by sy Bloedrivier half of selfs geheel ongewapend, sonder skanse en sonder rivierskeiding, weerloos op die vlakte van ekonomiese gelykstelling ... Kan u nog stene gooi na u mede-Afrikaner as u hom vind in die agterbuurte van u groot stede, huis aan huis, en soms selfs kamer aan kamer met Kleurlinge en Asiate en stemgeregtigde naturelle ...?¹⁶

Wat hieruit duidelik blyk, is Malan – en soveel ander Afrikaners – se persepsie dat die ekonomiese mededinging tussen blank en nie-blank in die liberaal-kapitalistiese stelsel ‘n nulsomspel was: Vordering vir die een kon slegs ten koste van die ander geskied. En Malan en ander het vir hul eie volk gekies, en die swartes en Afrikaanssprekende bruinmense uit die oog verloor. Maar dit net terloops.

‘n Nuwe situasie

Die Vrede van Vereeniging het in 1902 ‘n einde gemaak aan die twee Boererepublieke, en dit was tewens die einde van die Afrikaners se eie staatstelsels. Voortaan moes hulle eenvoudig noodgedwonge meedoen aan die Britse Westminsterstelsel – ‘n stelsel wat vir die oud-Republikeine heeltemal vreemd was. Dit, saam met die feit dat die hoogste voorkeur aan ‘n materiële heropbou verleen moes word, is waarskynlik die verklaring daarvoor dat ‘n

14. D. JOUBERT, *Toe Witmense arm was – Uit die Carnegieverslag 1932* (Tafelberg, Kaapstad, 1972), p. 28.

15. G.D. SCHOLTZ: *Ontwikkeling van die Politieke Denke*, VIII (Perskor, Johannesburg, 1984), p. 14.

16. S.W. PIENAAR en J.J.J. SCHOLTZ, *Glo in u Volk* (Tafelberg, Kaapstad, 1964), p. 127 (Malan by Bloedrivier, 16.12.1938).

mens so weinig sprake van Afrikaner-denke oor die politieke filosofie in die eerste twee dekades ná die oorlog vind. Ook het die debat oor hoedanig Afrikaners se verhouding tot die Engelssprekendes moes wees, die politiek byna heeltemal oorheers.

Dit beteken nie dat die vroeëre oortuigings opeens heeltemal verdwyn het nie, intendeel. Die strewe om behoorlike demokratiese verteenwoordiging (uiteraard slegs vir blankes) in die nuwe koloniale stelsels te kry, was baie sterk. Toe die Britte drie Transvaalse Boeregenerals – Louis Botha, Koos de la Rey en Jan Smuts – in 1903 probeer verlei het om deel te neem aan ‘n benoemde Wetgewende Raad (waarin hulle ‘n magtelose minderheid sou wees), het hulle geweier en dit geboikot, amper soos die bruin- en swartmense later in die eeu herhaaldelik met planne van die NP-regering, wat hulle as onvoldoende beskou het, sou doen.¹⁷ Pas toe volle verantwoordelike bestuur in 1906 en 1907 aan die twee verowerde gebiede toegestaan is, het die Afrikaners oorweldigend daaraan deelgeneem omdat die vooruitsig daar was dat hulle die politieke mag mettertyd deur hul getalsterkte kon oorneem.

Een van die skaarse uitlatings van ‘n Afrikanerleier in die vroeë twintigste eeu oor die politieke filosofie het bewys dat die Afrikaner se begrip van die demokrasie steeds min of meer toegespits was op die wil van die (blanke) volk: ‘t Was de leer der Nationalisten om achter de volkswil te staan,’ het genl. Hertzog in 1919 verklaar.¹⁸ Dit was ook op Hertzog se voorstel dat die volgende in 1920 in die Nasionale Party se Program van Beginsels opgeneem is:

Dat die Nasionale Party erken, en steeds by alle voorkomende geleenthede sal handhaaf, die soewereiniteit van die wil van die volk van die Unie.¹⁹

Vergeefs het ‘n neo-Calvinis soos Totius teengekap dat ‘volksoewereiniteit moet uitloop op slawerny en selfverlaging’ omdat God uitgeskakel sou word.²⁰ Daar was maar min Afrikaners wat op politieke terrein deur die neo-Calvinisme beïnvloed is. Blybaar was die NP ook in dié tyd oortuig van die

-
17. Kyk W.K. HANCOCK en J. VAN DER POEL (reds.): *Selections from the Smuts Papers*, II (At the University Press, Cambridge, 1966), pp. 80-88 (Milner – Louis Botha, Koos de la Rey en Jan Smuts, 30.1.1903, Botha, De la Rey en Smuts – Milner, 6.2.1903, omsendbrief van Botha, De la Rey en Smuts, 7.2.1902, Milner – Botha, De la Rey en Smuts, 9.2.1903, en Milner – Botha, De la Rey en Smuts, 11.2.1903). Vgl. ook A. GRUNDLINGH, *Hensoppers en Joiners* (HAUM, Pretoria, 1979), pp. 338-339.
 18. *Die Hertzogtoesprake*, IV (Perskor, Johannesburg, 1977), p. 144 (Hertzog in Johannesburg, 19.11.1919).
 19. *Ibid.*, p. 174 (Bloemfontein, 19.10.1924).
 20. TOTIUS, *Versamelde Werke*, VII (Tafelberg, Kaapstad, 1977), p. 44 (toespraak te Pretoria, 15.6.1918).

wenslikheid van burgerlike vryhede. So het die party se Federale Raad in 1917 in ‘n lang verklaring te kenne gegee dat die volk ingelig moet word oor die vryhede waарoor hy beskik, en dat onophoudelik gewaak moes word teen die inkorting daarvan.²¹ Presies wat die vryhede was, is egter nie uitgestippel nie.

Tot sover was alles nie soveel verskillend van die Afrikaner se denke in die vorige eeu nie. ‘n Nuwe element sou nou in toenemende mate die politieke debat begin beïnvloed, naamlik die stryd teen die ekonomiese – en dus ook politieke – magskonsentrasie van die groot kapitaliste. In dié opsig sou die Afrikaner, wat ekonomies aan die kortste end getrek het, hom al hoe meer teen die kapitalisme keer en sy toevlug soek by vorms van die sosialisme.

Die toetrede van die fascisme/nasionaal-sosialisme

Teen die jare dertig sou die lokstem van totalitaire ideologieë soos die fascisme en die nasionaal-sosialisme vir baie Afrikaners baie verleidelik word. Dit wil nie lyk of die vestiging van die fascisme deur die diktator Benito Mussolini in 1922 in Italië en die jare daarna juis veel van ‘n indruk op die Afrikaners gemaak het nie. Adolf Hitler se magsoorname in Duitsland in Januarie 1933 het die gemoedere daarenteen wel gaande gemaak. Skaars ses maande later verwys dr. D.F. Malan in ‘n koerantartikel na ‘gebeurtenisse in Midde en Oos-Europa’ wat ‘ook in sommige kringe in Suid-Afrika ‘n weerklang begin vind’. Daarmee bedoel hy sinspelings van leiers van die NP en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) ‘dat demokrasie nie meer deug nie en dat ‘n diktorskaf [sic] nou eintlik nie so ‘n slegte ding sou wees nie’.²²

In die jare daarna is koerante, tydskrifte en gehore letterlik oorstrom deur ‘n vloedgolf artikels en lesings waarin die fascisme, die nasionaal-sosialisme en die Spaanse en Portugese ouoritäre staatstelsels uiteengesit is. Die uiteensettings het gewissel van neutraal tot geesdriftig, en fundamentele kritiek daarop was skaars en gedemp.²³

-
21. O. GEYSER en A.H. MARAIS (eds.): *Die Nasionale Party*, I (Academica, Pretoria, 1975), p. 325.
 22. *Die Burger*, 15.7.1933.
 23. Enkeles hiervan is bv. P.J. Meyer, “Die Duitse Nasional-Sosialisme” in *Wapenskou*, Julie 1934, p. 4; H.G. SCHULZE, “Die Duitse Nasional-Sosialisme” in *Koers*, II/3, Des. 1934, pp. 21-26; B.N. NORGARB, “Die wese van die Nasional-Sosialisme” in *Koers*, IX/4, Junie 1941, pp. 8-17; N.K. DE W. PANSEGROUW, “Die Fascisme” in *Wapenskou*, Nov. 1940, pp. 35-47; A.R. HOUGHTON, “Die Nuwe Staat in Portugal” in *Wapenskou*, Nov. 1941, pp. 16-23 en 32); *Die Burger*, 6.10.1934 (lesing van H.G. Schulze op Stellenbosch); *Die Transvaler*, 4.10.1937 (lesings van P.J. Meyer en T.J. Hugo in Pretoria).

Sommige studentegeselskappe wat Nazi-Duitsland voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog besoek het, het vol lof en geesdrif vir die Duitse stelsel teruggekom. Die leier van een so ‘n geselskap, die historikus prof. J.L.M. Franken, het by sy terugkoms in 1935 gesê die koerante stel Duitsland nie korrek voor nie.

Ons bewonder Duitsland en veral sy leier. Hy is ‘n man met ‘n yster wil, wat Duitsland weer sterk gemaak het, en ons wou dat die wêrld meer sulke manne gehad het.²⁴

Dr. Piet Meyer, later voorsitter van die SAUK se beheerraad en van die Broederbond, het ná ‘n ander studentebesoek met kennelike instemming geskryf oor die indruk wat op die studente gemaak is:

Die aandag is gevestig op alle terreine waarin die nasional-sosialistiese regering blywende veranderings en omwentelings gebring het. Verskeie toesprake deur vooraanstaande leiers is gehou om die studente in te wy in die nasional-sosialistiese lewens- en wêrldbeskouing en is die geskiedenis van die politieke beweging kragtig geskets. Besoeke aan die arbeidslaers het ‘n vername plek ingeneem.²⁵

Hitler se hoofliutenant, Rudolf Hess, het die studente by ‘n besoek aan München ‘met ‘n handdruk en ‘n kort kragtige rede’ verwelkom. ‘Aan die wens van die geselskap om Adolf Hitler met eie oë te sien’, is voldoen deur die bywoon van ‘n Wagner-opera in Berlyn, waar Hitler ook teenwoordig was.²⁶

Hierdie bewondering vir die fascisme en die nasional-sosialisme sou organisatories veral uitdrukking vind in drie bewegings, te wete die sogenaamde Gryshemde van Louis Weichardt, die Nuwe Orde (NO) van oudmin. Oswald Pirow, en die Ossewa-Brandwag (OB), wat onder die leiding van dr. Hans van Rensburg (oud-administrateur van die Vrystaat) tot ‘n grotendeels nasional-sosialistiese organisasie ontwikkel het. Van dié drie was dit net die OB wat ooit groot steun onder die Afrikaners kon verwerf, hoofsaaklik omdat dié beweging ‘n uitstekende georganiseerde populistiese massabeweging was onder die leiding van ‘n charismatiese leier, en die ander nie.

Die filosofiese uitgangspunt van Van Rensburg, wat volgens eie erkenning ‘n oortuigde nasional-sosialis was,²⁷ was dat die wêrld ‘n onverbiddellike en

24. *Die Burger*, 8.1.1936 (onderhou met prof. Franken).

25. P.J. MEYER, “Eerste Boere-studiereis na Duitsland” in *Wapenskou*, Mei 1935, p. 2.

26. *Ibid.*, p. 2.

27. C.R. KOTZÉ, *Die Ossewa-Brandwag – Sy Ontstaan, Ontwikkeling en Botsing*, (Bloemfontein, 1942) p. 12.

histories onafwendbare omwenteling beleef – die ondergang van die liberale kapitalisme en demokrasie en die opkoms van die sosialisme. Geen land en geen volk gaan dit gespaar bly nie. ‘Dit kom nie daarop aan of jy meer hou van sosialisme of van kapitalisme nie. Die kwessie is nie een van keuse nie, net een van aanpassingsvermoë.’ Maar, so het Van Rensburg voortgegaan, nou is daar twee tipes sosialisme, naamlik die nasionale sosialisme (wat hy ook die ‘volkseie-sosialisme’ genoem het) en die anti-nasionale of internasjonale sosialisme (die kommunisme). Vanselfsprekend kies die Afrikaner die eerste, en uiteraard is die OB die enigste beweging wat die brug kan slaan tussen die ondergaande kapitalisme en die opkomende sosialistiese bedeling.²⁸

Die parlementêre partystelsel is die ‘historiese en logiese toppunt’ van die demokrasie, die ou bedeling. ‘Daarom is die Ossewa-Brandwag, wat glo in die organiese nasionalisme, die bande van bloed en taal en herkoms ten ene male sat vir die demokrasie, wat ons volk in verdeeldheid, onmag en armlankedom gedompel het,’ aldus Van Rensburg.²⁹

Maar daar is meer: in sy aanvaarding van die ‘nasionale sosialisme’ onder leierskap van die OB vorm die Afrikaner deel van ‘n revolusie wat wêreldwyd voorkom.

Die OB is nie ‘n nabootsing van ander nie, maar ‘n beweging wat in verskillende dele van die wêrld verskillende name gedra het. In Italië is dit gekoppel aan die Fascisme [fasces?], in Duitsland aan die Swastika en in Suid-Afrika aan die ossewa [die OB se embleem]. In Italië is dit die fascisme genoem, in Duitsland nasionaal-sosialisme en in Suid-Afrika die Ossewa-Brandwag.³⁰

Uitsprake soos dié van Van Rensburg laat blyk dat die inhoud van die nasionaal-sosialistiese ideologie in die Suid-Afrikaanse konteks beslis nie identies met dié in Duitsland was nie. In Duitsland was daar Nazi-leiers soos Josef Goebbels en Ernst Röhm wat veel meer inhoud aan die *sosialisties* in die begrip nasionaal-sosialisties wou verleen,³¹ maar Hitler het veel meer op die *nasionaal* in die begrip gekonsentreer en noue bande met verskeie groot kapitaliste, bankiers en nyweraars aangeknoop.³² Uit Van Rensburg se uitsprake hierbo blyk dat in Suid-Afrika ook groot klem op die sosialistiese element in die ideologie geplaas is. Trouens, selfs die geskiedenis is daarvoor

-
28. *Die Vaderland*, 12.8.1943 (Van Rensburg op Bethlehem).
 29. *Die Vaderland*, 28.8.1942 (Van Rensburg op Stellenbosch).
 30. *Die Burger*, 16.3.1941 (Van Rensburg op Stellenbosch).
 31. Vgl. R. PIPES, *Russia under the Bolshevik Regime 1919-1924* (The Harvill Press, Londen, 1924), p. 260.
 32. Vgl. J. POOL, *Hitler and his Secret Partners. Contributions, Loot and Rewards, 1933-1945* (Pocket Books, New York, 1997), passim.

ingespan. So het J.A. Smith, leier van die OB in Kaapland, byvoorbeeld beweer dat die sosialisme in die Boererepublieke beoefen is.³³

Terloops, die geweldige klem wat in Duitsland geplaas is op die pseudowetenskaplike navorsing oor die inherente biologiese meerderwaardigheid van die Ariese ras en die mitiese goue era van die Germane in die gryse verlede, was in Suid-Afrika grotendeels afwesig. Daar wás wel enkele Suid-Afrikaanse genetici wat daaroor gepubliseer het,³⁴ maar in die breë was dit ‘n uitsondering. Die rede was waarskynlik die feit dat die interne kolonialistiese verhoudinge ingevolge waarvan die rassekwessie in Suid-Afrika veral begryp moet word, die blankes se meerderwaardigheid en hul reg om oor die swartes te heers iets vanselfsprekends gemaak het. In Duitsland moes spesiaal regverdiging gevind word vir diskriminasie teen die Jode, wat daar taamlik ver geassimileer was en sosiaal-ekonomies geen onderskeibare groep gevorm het nie.

Die klem in Suid-Afrika op die sosialistiese element het natuurlik ‘n rede. Soos tevore aangedui is, was die kapitalisme en die imperialisme vir die Afrikaners twee kante van dieselfde munt. Hoeseer sommige Afrikaners se afkeer van die kapitalisme hul gesonde oordeelsvermoë aangetas het, het byvoorbeeld geblyk uit ‘n veelseggende toespraak wat Herzog in 1919 in Pretoria gehou het. Daarin het hy selfs die kommunisme in beskerming geneem. Soos Van Rensburg jare later, het hy verklaar dat die wêrld midde-in ‘n revolusie, ‘n maatskaplike omwenteling staan. Die ou kapitalistiese stelsel het sy doodvonnis gekry, en ‘het recht van bestaan als mens is geboren’. In Rusland is so ‘n stelsel ingevoer, al was dit ongelukkig met wapengeweld. Die Bolsjewisme, het hy gemeen, ‘is de wil van het volk om vrij te zijn, zelf te regeren en niet aan ‘n vreemde veroveraar onderworpen te zijn.’ Die rede waarom die Bolsjewisme tans beveg word, is omdat ‘volksvrijheid de dood voor kapitalisme en Imperialisme is’. Herzog het toegegee dat daar veel in die Bolsjewisme is wat nie goedgekeur kan word nie, maar dit kom deur die mense wat die idee verkeerd toepas en hul mag misbruik. ‘Het idee op zigzelf is uitstekend.’³⁵

Het die Afrikaner hom in die eerste twee dekades van die eeu betreklik min oor die demokrasie uitgelaat omdat ander, dringender sake sy aandag opgeëis

33. P. DE KLERK, “Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag,” in P.F. VAN DER SCHYFF (red.): *Die Ossewabrandwag. Vuurtjie in Droë Gras* (Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, Potchefstroom, 1991), p. 304.

34. Vgl. bv. G. ELOFF, *Rasse en Rassemenging* (Kaapstad, Nasionale Pers, 1942); B. ELBRECHT, “Rassemenging in Suid-Afrika – Biologiese Aspekte” (*Rassebakens*, I/1).

35. *Die Herzogtoesprake*, IV, pp. 140-141 (Pretoria, 19.10.1919).

het, in die jare dertig en veertig sou dit anders wees. Die demokrasie sou ‘n onderwerp van geweldige belangstelling word en onder baie groot druk te staan kom. ‘n Mens moet onthou dat die jare twintig en dertig in die Weste gekenmerk is deur ‘n diepe en wyd verspreide intellektuele pessimisme. Die algemene geloof van voor 1914 in ‘n steeds voortskrydende demokrasie en materiële welvaart is wreed deur die barbaarsheid en ellende van die Eerste Wêreldoorlog die nek ingeslaan. Die geloof in die mens se goedheid en vermoëns – wat die Westerse denke al sedert die Verligting oorheers het – is ‘n yslike slag toegedien. In die werke van skrywers soos T.S. Elliot en Sinclair Lewis het dié pessimisme duidelike uitdrukking gevind, terwyl filosowe soos Paul Valéry en Oswald Spengler die ondergang van die demokrasie en die Westerse beskawing voorspel het. En met die groot ekonomiese krisis van die jare dertig en die opmars van totalitaire ideologieë in die Sowjet-Unie, Italië en Duitsland het dit al hoe meer gelyk of die pessimisme geregtig was.³⁶

Ook Suid-Afrika het die gevolge hiervan nie vrygespring nie. Reeds sedert die Anglo-Boereoorlog het heelparty blankes, maar veral Afrikaners, in die diepste ellende en armoede na die stede gestroom waar hulle weens hul gebreklike skoolopvoeding met swak betaalde werk tevrede moes wees of sonder werk gesit het. Soos hierbo gestel is, kon maklik ‘n derde van die Afrikaners as ‘baie arm’ geklassifiseer word.³⁷

Hertzog, wat sedert 1924 Eerste Minister was, het Spengler se werk *Der Untergang des Abendlandes* in 1929 in die hande gekry en dit het dadelik ‘n diepe indruk op hom gemaak.³⁸ Nie lank daarna nie het hy in die openbaar gesê die parlementêre demokrasie is uitgedien; dit ‘pas nie meer in die kraam van die twintigste eeu nie’.³⁹ Wat in die plek daarvan moes kom, het hy egter nie beantwoord nie.

In 1932 het Hertzog voor ‘n studentegehoor ‘n uitvoerige lesing oor die krisis van die demokrasie gelewer. Dit sal nodig wees om ‘n wyle daarby stil te staan, omdat ideë soos dié, afkomstig van die Eerste Minister, vanselfsprekend ‘n breër invloed moes gehad het.

-
36. Vgl. M. PERRY, *An Intellectual History of Modern Europe* (Houghton Mifflin, Boston, 1992), pp. 378-381.
 37. H.B. GILIOMEE en H. ADAM, *Afrikanermag. Opkoms en Toekoms* (UUB, Stellenbosch, 1981), p. 112.
 38. G.D. SCHOLTZ, *Hertzog en Smuts en die Britse Ryk* (Tafelberg, Kaapstad, 1975), p. 10.
 39. *Die Hertzogtoesprake*, V (Perskor, Johannesburg, 1977), p. 243 (Kaapstad, 7.3.1930).

Hertzog het uitgebreid uit Spengler aangehaal en gesê die geskiedenis leer dat die demokrasie en beskawingsverval altyd tydgenote is. Die demokrasie is die gevolg van die degenerasie van die kragte wat die beskawing lewensvatbaar gemaak het, dog ná 'n paar eeuë word dit noodwendig opgevolg deur die 'Caesar', die 'man van doen en durf', omdat die demokrasie nie die mas kan opkom nie. Die *demos* – volk – laat hom aan die ander kant uitsluitend deur eiebelang en 'egoïstiese selfbelang' lei. 'Die algemene belang van staat en maatskappy laat hom in die reël koud.' Daarom is 'n politieke party nijs meer as 'n 'georganiseerde belangsgroepie' nie: 'Nie die belang van die volk [nie], maar dié van die party-groep sal by voorkeur die aandag geniet en die bevordering ontvang van die Regering.'

Oor die vraag wat nou in die plek van hierdie dekadente demokrasie moet kom, het Hertzog hom nie baie duidelik uitgelaat nie. Hy het verwys na die fascisme waar die 'verderwende invloed van die kiesers op die werksaamhede van die wetgewers geheel-en-al geëlimineer is', maar hy het gemeen dit is miskien nog te vroeg om 'n oordeel oor dié eksperiment te vel. Hoe dit ook sy, 'n 'nuwe wending' moes aan die Europese demokrasie gegee word. Die Regering moes beskerm word 'teen die noodlottige invloed van individuele eiebelang' deurdat dit gelaat word in die hande 'van die beste, die bekwaamste en die mees vertroubare uit die volk'. Sulke mense sou moes kon regeer sonder om afhanklik te wees van 'die getal stemme wat hulle mag vang of verloor'.⁴⁰

Sover dit Hertzog self betref, het dit grotendeels by praat gebly. Ofskoon hy dikwels verwyt is dat hy outokraties optree, het hy in die 15 jaar van sy premierskap geen vinger gelig om die liberaal-demokratiese Westminsterstelsel te vervang of te verander nie. Eers ná sy aftrede, kort voor sy dood, het hy hom onomwonde aan die kant van die nasional-sosialisme geskaar.⁴¹

Hertzog se idees is wyd gedeel. Die Potchefstroomse akademikus prof. L.J. (Wickus) du Plessis het byvoorbeeld in verskeie artikels in die Calvinistiese blad *Koers* soortgelyke argumente as dié van Hertzog geopper. Hy was egter duideliker oor die alternatief, naamlik om politieke partye te beperk tot dié 'wat in wese nasional sal wees'. Hy was nietemin teen die verbod op 'n opposisie wat 'nie anti-nasional is nie'. Ook moes die 'nasionale wese van die hoofparty nie diktatoriaal bepaal' word nie, maar 'deur vrye, hoewel geleide, volksinvloed'. Dan sou die Regering ook minder afhanklik wees 'van 'n enigsins toevallige meerderheid in die volksvertegenwoordiging'. In dié

40. *Ibid.*, pp. 316-327 (Pretoria, 9.9.1932).

41. *Wapenskou*, April 1942, p. 6 ("Boodskap van genl. Hertzog", 29.9.1941).

verband het hy die verteenwoordiging van beroepe in die Parlement voorgestel, ‘n idee wat regstreeks afkomstig was uit die Italiaanse Fascisme.⁴²

Die verwering van die liberale demokrasie is ook al hoe meer gekoppel aan die ongelykhede en ellende onder die kapitalisme. So het min. Oswald Pirow – ‘n man wat hom later ook as ‘n uitgesproke nasional-sosialis ontpop het – in 1937 gesê onder die demokrasie is daar ‘vryheid van spraak en van die pers, maar ... ook vryheid om die volk uit te buit. Die demokrasie moedig selfsugtigheid en uitbuiting aan ...’⁴³

Hierdie toenemende bevraagtekening van die demokrasie het oor alle partygrense heen gestrek, en ook die ‘gesuiwerde’ NP wat ná die samesmelting van 1934 van die Hertzoggroep in die NP en die Suid-Afrikaanse Party tot stand gekom het, het dit nie vrygespring nie. In 1936 het sen. T.C. Visser – later hoofleier van die Voortrekkerbeweging – ‘n brosjure gepubliseer waarin hy gesê het die partystelsel is uitgedien omdat dit noodwendig tot korruksie en nepotisme lei. Net soos Du Plessis was hy ten gunste van die Fascisme se vorm van beroepsverteenvoordiging.⁴⁴

Tot 1937 was dit nie vir die NP nodig om amptelik standpunt oor die saak in te neem nie. Die vorige jaar al was daar botsings met enkele individue wat in die rigting van die nasional-sosialisme geneig het, maar van ‘n beduidende omvang was dit nie juis nie.⁴⁵ Maar in 1937 het die sogenaamde Gryshemde van Louis Weichardt, ‘n uitgesproke nasional-sosialistiese beweging, die NP met die oog op samewerking genader. Omdat die Gryshemde amptelik teen die liberale demokrasie gekant was, moes die party nou self ‘n standpunt formuleer.

‘n Mens moet onthou dat daar – soos reeds aangedui is – ook in die NP aansienlike skeptisme oor die liberale demokrasie aanwesig was, en dit sal nodig wees om eers vlugtig hierna te kyk ten einde die party se reaksie op die Gryshemde se aanbod behoorlik te begryp. Soos hierbo aangedui is, het Malan reeds in 1933 in navolging van Hertzog se standpunt gewys op die swakhede van die demokratiese stelsel en verwys na die opkoms van die

-
42. L.J. DU PLESSIS, “Konstitusionele Hervorming” in *Koers* I/6, Junie 1934, pp. 5-8; Vgl. ook DU PLESSIS, “Die Krisis in die Demokrasie” in *Koers*, I/1, Aug. 1933, pp. 25-31, en “Vraagstukke van die Volksverteenvoordiging” in *Koers* VIII/4, Feb. 1941, p. 128.
43. *Die Burger*, 1.10.1937 (te Potchefstroom).
44. T.C. VISSER, *Die Republiekinse Ideaal* (A.H. Koomans, Pretoria, s.j. [1937]), pp. 9-11.
45. Vgl. J.L. BASSON, *J.G. Strijdom, sy Politieke Loopbaan van 1929 tot 1948* (Wonderboom-uitgewers, Pretoria, 1980), pp. 126-131; F.J. VAN HEERDEN, Nasional-Sosialisme as Faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, (D.Phil., UOVS, 1972), pp. 99-108.

nasionaal-sosialisme in Duitsland. In dié geval het hy nog die demokrasie in beskerming geneem. Die Afrikaner moet hom ‘losruk uit die betowering van Midde- en Oos-Europa’, het hy geskryf, en terugkeer tot sy ‘demokratiese volksbeginsels’. Die demokrasie het ten minste die voordeel dat ‘die volk omtrent sy eie ware belange ingelig en opgevoed word’. Die demokrasie moet nie ‘verdoem en vernietig’ word nie, maar ‘n mens moet dit wel ‘laat besiel en beheers deur ‘n lewende, gesonde Nasionalisme, wat die land en volk bokant alles en bokant almal stel’.⁴⁶

Op die keper beskou, was dit egter nie ‘n baie geesdriftige verdediging van die demokrasie nie. Dat die demokrasie ‘besiel’ moet word deur ‘n nasionalisme wat die land en volk bokant alles en almal stel, is al klaar ‘n aansienlike toegewing aan die nasionaal-sosialisme met sy verheerliking van die volk ten koste van die individu. Nietemin bly dit ‘n feit dat Malan nie aan die liberale demokratiese stelsel as sodanig wou torring nie.

Hoe ook al, vier jaar later, in 1937, was Malan aansienlik pessimistieser. Die demokratiese stelsel ‘soos ons hom ken’, is gedoem, het hy op Stellenbosch gesê. Dit gee aanleiding tot ‘ongelyke verdeling van besit. Vir die swakkere is daar min kans om in die wedren te seëvier. Die liberaal-demokratiese stelsel is wreed.’ Vryheid in so ‘n stelsel is niks anders nie as “‘n leë dop – die vryheid om te verhonger. Ons sien aan die een kant oorproduksie; aan die ander kant is daar broodgebrek by vele.’ (Interessant genoeg, dit is ‘n standpunt wat ook by die kommunisme voorkom en wat hy net so uit Vladimir Lenin se mond kon geneem het.)

Maar ook Malan het nie duidelikheid oor ‘n alternatief verskaf nie. Die fascisme en die kommunisme was nie vir hom aanvaarbaar nie. Al wat hy kon voorstel, was dat die ‘sielkunde van die volk’ verander moet word ‘sodat hy rykdom en armoede in ‘n ander lig kan beskou’.⁴⁷

Eintlik het Malan se beskouinge nie soveel verskil van dié uit die vorige eeu in die Republieke nie; dit was net dat hy deur ander omstandighede en behoeftes gekonfronteer is wat hy noodwendig moes verdiskontere. Dat hy nie wesenlik afgewyk het van die tradisionele Afrikanerdenke oor ‘n absolute volksoewereiniteit nie, is bewys toe hy elders kort en kragtig gesê het: ‘Ek glo in die diktatuur van die volk en nie van ‘n persoon nie.’⁴⁸ Met ander woorde, die volkswil – hoe eng ‘n mens die begrip ook al wil vertolk – moes tot elke prys uitgevoer word.

46. *Die Burger*, 15.7.1933 (artikel van Malan).

47. *Die Burger*, 28.8.1937 (Malan op Stellenbosch).

48. *Die Volksblad*, 30.7.1937 (Malan op Parys).

Hoe dit ook sy, die onderhandelinge met die Gryshemde het uiteindelik afgespring weens die feit dat hulle alle partye mettertyd wou afskaf, en dus by implikasie ook die NP. Samewerking met die Gryshemde sou dus beteken het dat die NP-leiers 'n ander groep help om die NP te vernietig, en só gek was hulle nie. Die besluit is omklee deur heelwat retoriek oor die demokrasie, maar dit was primêr 'n besluit in partybelang.⁴⁹

'n Ander bron van denke in die NP oor die demokrasie wat 'n veel egter indruk maak, is 'n artikel wat die Vrystaatse partyleier, dr. N.J. van der Merwe, in 1939 in die blad *Koers* geskryf het. Van der Merwe het erken dat die partypolitieke stelsel die Achillesiel van die demokrasie was, maar die antwoord het volgens hom nie in 'n eenpartystelsel gelê nie – 'die prysgee van ons volksvryheid is 'n te groot prys om ... te betaal ...' Uiteindelik kan misbruik van die demokrasie makliker beteuel word as om die misbruik van 'n diktatuur aan bande te lê. 'Ons moet volhard op die weg van die demokrasie met sy partystelsel en al ... Ons roeping lê daarin dat ons die ewuels wat aan die partystelsel kleef deur woord en daad sal bestry,' het hy geskryf.⁵⁰ Van der Merwe is 'n paar maande later oorlede, met die gevolg dat sy matigende invloed vir die Afrikaner en die NP verlore gegaan het.

Toe die Tweede Wêreldoorlog op 1 September 1939 uitbreek, was die Afrikaners grotendeels steeds rondom die vaandel van die parlementêre demokrasie geskaar, al het hulle ook talle bedenkinge daaroor gehad. Die intense openbare debat oor die voor- en nadele van die demokrasie het aangedui dat hulle aan die weifel was, maar praktiese stappe om die stelsel te verander, was daar nog nie. Die uitbreek van die stryd het egter 'n skok teweeg gebring wat die demokrasie byna sou verswelg. Dit het naamlik twee ingrypende veranderings in Suid-Afrika se politieke konstellasie teweeg gebring, te wete die land se oorlogverklaring teen Duitsland ('n land wat deur die Afrikaners hoofsaaklik onthou is vir die Duitse volk se simpatieke houding in die Anglo-Boereoorlog)⁵¹, asook die regeringswisseling waarin die koalisiekabinet van genl. Hertzog met 'n VP-regering onder die leiding van genl. J.C. Smuts vervang is. Dit het gebeur sonder dat die kiesers geraadpleeg is, iets wat die reeds bestaande sinisme oor die liberale demokrasie behoorlik aangewakker het.⁵²

-
49. Kyk die briefwisseling tussen die Gryshemde en die NP in *Die Transvaler*, 4.11.1937.
 50. N.J. VAN DER MERWE, "Wat omtrent Partypolitiek?" in *Koers*, VII/1, Aug. 1939, pp. 1-6.
 51. Die publikasie van G.D. SCHOLTZ, se *Europa en die Tweede Vryheidsoorlog* (Voortrekkerpers, Johannesburg, 1939) het baie tot dié persepsie bygedra.
 52. Vgl. A. VAN WYK, *Vyf dae. Oorlogskrisis van 1939 – 'n Spanningsverhaal uit SA se Geskiedenis* (Tafelberg, Kaapstad, 1985), pp. 145-146.

Die Tweede Wêreldoorlog

Die vraag of Suid-Afrika ook aan die Tweede Wêreldoorlog moes deelneem, het die Hertzogkabinet en die Verenigde Party begin September 1939 middeldeur laat skeur. Die meerderheid van die parlementslede was egter ten gunste van deelname, en op grond daarvan het die Goewerneur-generaal Hertzog se versoek om ‘n algemene verkiesing uit te roep van die hand gewys en genl. J.C. Smuts gevra om ‘n nuwe kabinet te vorm. Só het Suid-Afrika in die oorlog beland.⁵³

Hertzog en sy aanhangars het hulle daarna met Malan en die sogenaamde ‘gesuiwerde’ NP versoen om die Herenigde Nasionale Party of Volksparty te vorm. Die versoening het nie lank geduur nie en in 1940 het Hertzog hom aan die politiek onttrek, terwyl sommige van sy volgelinge die Afrikanerparty gestig het. Daarnaas het twee min of meer uitgesproke nasionaal-sosialistiese Afrikanerbewegings tot stand gekom, naamlik die Nuwe Orde van oudmin. Oswald Pirow, en die Ossewa-Brandwag (OB), wat ná begin 1941 onder die leiding van dr. Hans van Rensburg gestaan het. Eersgenoemde was nooit baie sterk nie, maar die OB het allengs ‘n massabeweging geword wat duisende mense se verbeelding aangegegryp het. Ná ‘n kort tydperk van ongemaklike samewerking het ‘n breuk einde 1941 tussen die NP en die OB ontstaan. Die NP het daarop oorlog teen die OB verklaar en uiteindelik as oorwinnaar uit die stryd getree.

Die felle stryd wat in die vroeë veertigerjare tussen die NP en die OB as hoofrolspelers in die arena van die Afrikanerpolitiek gewoed het, het onder meer ‘n verhitte debat oor die demokrasie uitgelok. Dit kan dus die moeite loon om na albei organisasies se standpunte te kyk. Laat in 1941 het ‘n interessante politiek-filosofiese artikel verskyn in *Wapenskou*, tydskrif van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, ‘n beweging wat sterk onder invloed van die OB was. Daarin het Brian Norgarb ‘n insiggewende uiteensetting gegee van hoe hy die verskil tussen die liberale demokrasie (die ‘atomistiese beskouing’) en die nasionaal-sosialisme/fascisme (die ‘organiese beskouing’) gesien het.

By eersgenoemde is die individu primêr en die staat sekondêr, skryf Norgarb. Die individu is die spil waarom alles draai, ‘n doel op sigself. Daarby is alle individue gelyk – enige verskille tussen hulle is maar oppervlakkig en toevallig. Die liberale staat omskryf hy dus as ‘n ‘kunsmatige politieke gemeenskap.’ By die organiese beskouing is die staat daarenteen primêr en die individu sekondêr. Trouens, die individu kan pas werklik bestaan ‘binne ‘n *societas* of gemeenskap’. Die geïsoleerde enkeling is dus ‘n ‘ondenkbare abstraksie wat eenvoudig nie bestaan nie’. Op staatkundige gebied beteken dit

53. *Ibid.*, passim.

'die totalisering van alles': Niks buite die staat nie, niks teen die staat nie, alles vir die staat. Hierdie totalitaire staat is die beliggaming van die nasie as 'n bloeds-, kultuur- en lotsgemeenskap.' Die staat is dus veel meer as die somtotaal van die individue – 'dit is 'n etiese begrip wat die wiskundige totaliteit transendeer.'⁵⁴ In dié opsig is selfs die geskiedenis ingespan om te 'bewys' dat die Afrikaanse tradisie nie demokraties was nie, maar dat dit goed aansluit by die 'organiese nasionalisme' van die OB.⁵⁵

Net soos Hertzog het Van Rensburg geen hoë dunk gehad van die volksmassa, die kiesers nie. 'Geskiedenis word nie in die Volksraad gemaak nie,' het hy minagtend gesê, 'maar altyd deur 'n minderheid wat handelend optree. Die massa loop die tamboer en vlagswaaiers na, totdat handelend opgetree moet word, dan verdwyn hulle. Hulle sal egter weer daar wees as die 'braaivleis' ná die 'daad' gehou word'.⁵⁶

Hieruit het Van Rensburg se besware teen die parlementêre demokrasie gespruit. 'n Mens kan jou doel in dié stelsel net bereik deur die mag te verkry in 'n verkiesing elke vyf jaar, het hy gesê. Maar dit is menslik om die mag só te gebruik dat jy die volgende verkiesing weer wen.

Met ander woorde, die eleksie is 'n middel om die regeringsmag in die hande te kry en die regeringsmag word 'n middel om eleksies mee te wen. Wat stemme kan verloor, bly anathema ...'⁵⁷

Daarby is die idee in 'n demokrasie om 'n sterk opposisie te hê, wat net 'n mooi woord is vir swak regering.

Hulle moet mekaar in skaakmat hou – die georganiseerde onmag – terwyl die ware mag, nl. die geldmag en sy pers, die deurslag gee.⁵⁸

Met ander woorde, agter die mooi fasade van vryheid is die kapitalistiese jakkals en die kommunistiese wolf ook vry om die armes en swakkes uit te buit en te verslaaf.⁵⁹ Daarom stry die OB teen die egte diktatuur – 'die diktatuur van Mammon, die geldmag en sy handlanger, die demokrasie'.⁶⁰

Wat moes in die plek daarvan kom? Anders as vorige kritici, was Van Rensburg, die selferkende nasionaal-sosialis en bewonderaar van Adolf

-
54. B.N. NORGARB, "Atomistiese en organiese Staatsbeskouinge" in *Wapenskou*, Nov, 1941, pp. 28-31 en 50.
55. Vgl. bv. J.A. COETZEE, "Is Ons Volkstradisie Demokraties?" in *Koers*, X/3, Des. 1942, pp. 113-116.
56. *Die OB*, 11.3.1942 (by die Majubafees). Vgl. ook *Die Burger*, 2.3.1942.
57. Afskrif van toespraak voor die ANS-kongres, 4.7.1942, in my besit.
58. *Die Vaderland*, 29.8.1942 (op Stellenbosch).
59. *Ibid.*, 6.3.1942 (op Crosby).
60. *Ibid.*, 19.10.1942 (in die Paarl).

Hitler,⁶¹ glad nie onduidelik oor die alternatief nie. Die OB-slagkreet in dié verband was ‘n ‘Christelik-nasionale gesagstaat, nasional en tewens sosiaal van aard’.⁶² Van Rensburg het weliswaar nog beeldspraak uit die Afrikaner se verlede gebruik toe hy gesê het dat ‘die soewereiniteit van die volk’ in sy ‘nasionale gesagstaat’ tot sy reg sou kom⁶³, maar by hom was dit niks meer as ‘n holle frase nie.

Die Parlement, so het die OB-ideoloog prof. Wickus du Plessis geskryf, moet vervang word deur ‘n Volksraad wat uitsluitend ‘die erkende en van tyd tot tyd gekeurde blanke burgers sal verteenwoordig’.⁶⁴ Volgens Van Rensburg sou dit gebeur in ‘n staat waar die ‘burgers vry sal wees om goeie Afrikaners te wees, maar nie ... om slegte Afrikaners te wees nie’.⁶⁵ En wie anders sal daaroor besluit as die OB? Immers, die OB is ‘n volksbeweging – meer nog, die OB is die volk, net soos die volk die OB is.⁶⁶

Met ander woorde: ‘Die Ossewa-Brandwag sê onomwonde aan die vrye wêrld dat Suid-Afrika sal en moet vry word onder Afrikanerheerskappy,’⁶⁷ soos J.A. (‘Sambok’) Smith, assistent-kommandant-generaal van die OB in Kaapland, dit gestel het. Daarom kan daar net een taal in die OB-staat wees, naamlik Afrikaans.⁶⁸ Die Engelssprekendes in Suid-Afrika vorm deel van ‘n oorsese nasie en kan dus nie as nasionale groep gelyke regte verwag nie.⁶⁹

Om dit alles teweeg te bring wou die OB die ‘georganiseerde geldmag’ onskadelik maak ‘deur nasionalisering van sleutelnywerhede, groot banke en propagandamiddels’ (koerante en radio).⁷⁰ Die skadelike partystelsel moes ook uitgeskakel word deur die regstreekse kiesersverteenvoordiging in die Volksraad met beroepsverteenvoordiging te vervang.⁷¹ Intussen was die OB ‘geen eleksiemasjien’ nie en sou hy geen kandidate stel in enige verkiesing

-
61. C.R. Kotzé, *Die Ossewa-Brandwag: Sy ontstaan, ontwikkeling en botsing* (OB, Bloemfontein, 1942), p. 42.
 62. Vgl. OB: *Die Ossewa-Brandwag ... Vanwaar en Waarheen* (OB, s.p., 1942), p. 5.
 63. OB: *Iets oor die Ossewa-Brandwag* (Ossewa-Brandwag, s.p., 1946), p. 70 (Van Rensburg op Crosby, 5.3.1943).
 64. L.J. DU PLESSIS, “Vraagstukke van die Volksverteenvoordiging” in *Koers*, VIII/4, Feb. 1941, pp. 133-134.
 65. *Die Vaderland*, 27.6.1942 (op Springs).
 66. *Die Transvaler*, 11.8.1941 (op Elsburg).
 67. *Ibid.* (Smith op Elsburg).
 68. *Die Vaderland*, 8.5.1942 (adv. J.D. Jerling).
 69. *Die OB*, 25.2.1942 (hoofartikel).
 70. *Die OB ... Vanwaar en Waarheen*, p. 5 (Manifes van die Grootraad van die OB, pp. 22-23).
 71. *Iets oor die OB*, pp. 22-23.

nie.⁷² Die organisasie sou entoesiasties wag op die oorwinning van Nazi-Duitsland om die republiek en die gesagstaat in Suid-Afrika moontlik te maak.⁷³

Maar ook die NP se houding oor die demokrasie was nie in dié tyd onberispelik nie. Daar is 'n wyd verspreide opvatting dat die breuk tussen die OB en die NP mede te wye was aan prinsipiële verskille, onder meer oor die demokrasie. Volgens dié mening was die OB ondemokraties, terwyl die NP vasgehou het aan die demokrasie.⁷⁴ En inderdaad, as 'n mens suiwer op die NP-voormanne se retoriek afgaan, lyk dit wel so. Om maar enkele voorbeeldte noem: In September 1941 het dr. Malan op Mosselbaai verklaar dat die Afrikaners die kinders van die protes was –

(O)ns was dit ons hele geskiedenis deur. 'n Gedwonge eenparty-stelsel waarin die man aan die hoof die mag oor lewe en dood besit en waarteen daar geen reg van protes is nie, pas nie by ons volksaard en tradisies nie.⁷⁵

Malan het getoon dat hy in sekere sin nog 'n kind van die Verligting was toe hy gesê het: 'Om seggenskap te hê in staatsake is 'n aangebore mensereg.'⁷⁶

Ook dr. Hendrik Verwoerd, toe hoofredakteur van *Die Transvaler*, het in dieselfde trant geskryf dat die Afrikaner wel 'n sterk regering wil hê, maar dat hy tegelykertyd ook die mag by die volk wil hou 'om van 'n regeerde ontslae te raak wat nie die Afrikanervolk voluit dien nie. As daar in die republiek eendag 'n Smuts sou bestaan, moet hy weg sodra hy sy ware kleure wys.'⁷⁷ In die verbygaan moet ook nog daarop gewys word dat die Nasionaliste hulle nie soos die OB van nasionaal-sosialistiese/fascistiese woordgebruik bedien het nie. Enkeles het dit wel vroeg in 1941 voor die breuk met die OB gedoen⁷⁸, maar daarna het hulle hul konsekwent daarvan weerhou.

'n Mens moet jou ewenwel nie op die gebruik van bepaalde woorde blindstaar nie. Die vraag wat die kritiese ondersoeker moet stel, is wat die inhoud en betekenis van daardie woorde destyds *vir die sprekers self* was. 'n Mens moet dus ágter die fasade van die woorde en begrippe gaan grawe. In

-
72. *Die Vaderland*, 15.9.1942 (verklaring van Van Rensburg).
73. *Die OB*, 12.18.1942 (hoofartikel).
74. Vgl. bv. J. BASSON, *J.G. Strijdom*, p. 590; G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling van die Politieke Denke*, VIII, pp. 160-163; F.J. VAN HEERDEN, Nasional-Sosialisme as Faktor in die Suid-Afrikaanse Politiek, pp. 363-370.
75. *Die Transvaler*, 29.9.1941.
76. *Ibid.*, 13.8.1941 (Op Transvaalse NP-kongres).
77. *Ibid.*, 26.3.1941 (hoofartikel).
78. Vgl. bv. O. DU PLESSIS, *Die Nuwe Suid-Afrika – die Revolusie van die Twintigste Eeu* (Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1941) en *Die Volksblad*, 18.2.1941 (hoofartikel).

die proses moet wel beklemtoon word dat ‘n mens tevergeefs soek na ‘n enkele, samehangende en logiese uiteensetting van die NP se posisie. Die resultaat, soos hier onder weergegee, is eerder in talryke stukkies en brokkies deur die bronne versprei.

‘n Belangrike aanduiding is te vinde in ‘n skerp waarneming van dr. A.L. Geyer, indertyd redakteur van *Die Burger*. Hy het in sy private aantekeninge in September 1941 geskryf:

Die tragedie is dat ‘n groot deel van die Afrikaners nie meer dink aan ‘n republiek waarin die blanke bevolking ‘n eenheid kan word nie, maar aan ‘n ‘republiek’ waarin ‘n minderheid van super-Afrikaners die res van die volk onder die knie kan hou. Hierdie gees is deur die Ossewa-Brandwag gewek – ‘n republiek waarin diegene wat op die ‘ere-rol’ (die Ossewa-Brandwag-ledelyst) is, die heersers onder ‘n diktator is – en die [Nasionale] Party het hom veels te veel deur daardie gees laat meesleur.⁷⁹

Die waarheid van dié stelling word bevestig deur ‘n nadere ondersoek van die NP se houding. Die party, so het die leiers gesê, was nie teen die demokrasie as sodanig nie, maar wel ‘teen die demokrasie soos ons hom ken, die Britse parlementêre stelsel’ wat ‘n karikatuur van die egte demokrasie is’. Die NP het dit teen die ‘Brits-Joodse kapitalisties-imperialistiese skyndemokrasie’ waar nie die volk regeer nie, maar die ‘groot kapitaal’.⁸⁰

Die uitgangspunt van die Engels-liberalistiese stelsel, het Malan vroeg in 1942 in die Volksraad uiteengesit, is die individu en sy regte. In so ‘n geval ontstaan daar ‘n onderlinge beginselstryd ‘tussen die verskillende elemente in die bevolking en dan kry jy noodwendig ‘n koerslose en karakterlose staat. En ‘n koerslose en karakterlose staat word dan die prooi ... van die kapitalistiese en die parasitiese uitbuiting.’ Die NP se uitgangspunt was daarenteen dat die koers en karakter van die staat éérs vasgestel moes word,

en dan gaan jy ... jou seggenskap toeken in ooreenstemming daarmee sodat jou staat nie alleen na buite veilig is [nie], maar ... ook van binne ... Alles is daaraan onderhewig.⁸¹

Wat was die ‘koers en karakter’ waarna Malan verwys het? Dit het Verwoerd reeds ‘n aantal maande tevore in ‘n hoofartikel in *Die Transvaler* verduidelik en drie ‘allerbelangrikste grondbeginsels van die staat’ genoem wat in die grondwet vasgelê moes word en waaroor geen meningsverskil mog ontstaan

-
79. Aangehaal in M.J. GRIMBEEK, “Die Politieke en Kulturele Rol van dr. A.J.R. van Rhyn as Redakteur van *Die Volksblad*, 1925-1948” (D. Phil.-proefskrif, UOVS, 1983), pp. 521-522.
80. *Die Transvaler*, 25.3.1941 (Malan op Stellenbosch); Ibid., 19.5.1941 (hoofartikel); *Die Volksblad*, 7.2.1941 (hoofartikel).
81. *Debatte van die Volksraad*, 43/1942, kol. 47 (Malan in die debat oor die Republikeinse Mosie, 13.1.1942).

nie. Vir eers, het hy geskryf, mag geen party die aansluiting van die land ‘by een of ander ryk’ (lees: die Britse Ryk) bepleit nie. In die tweede plek mag daar geen verskil oor die ‘voogdyskap-beginsel teenoor die nie-blanke’ wees nie. Ten derde moet die ‘staatsverantwoordelikheid op ekonomiese gebied’ vasgelê word. Sodoende word die imperialisme, die liberalisme en die kapitalisme as gronde vir partyverdeling uitgeskakel. Binne dié grense kan daar wel verskillende partye wees, want as hulle onder sulke omstandighede ontstaan, ‘sal hulle alleen meer of minder konserwatiewe of radikale uitkyke verteenwoordig binne ‘n nasionale beleid. Hulle sal nie volksverdelend kan werk nie.’⁸²

Só ‘n standpunt kan nie in ‘n lugleegte beoordeel word nie; die standpunt is immers geformuleer midde-in ‘n bepaalde politieke stryd oor spesifieke sake. Die drie kwessies wat Verwoerd genoem het, was presies die drie belangrikste twispunte waaroor die NP en die VP in daardie stadium met mekaar verskil het. Verwoerd se standpunt het dus die belangrike implikasie ingehou dat die VP-beleid in die republiek deur die grondwet verbied sou word en dat die bestaan van die VP self inderwaarheid onmoontlik gemaak sou word.

Dit sal die leser dan ook waarskynlik nie verbaas om te hoor dat nie alle burgers politieke seggenskap in die voorgestelde NP-republiek sou kry nie; net diegene in wie se hande die seggenskap ‘veilig’ sou wees, mense wat in die republiek gewortel en dit goedgesind is.⁸³ ‘Onnasionale en anti-nasionale elemente’ sou geen seggenskap kry nie.⁸⁴ En wie was dan die ‘onnasionale en anti-nasionale elemente’? Soms is die vraag vry algemeen beantwoord – ‘die uitbuiter en parasiet, die kapitalis en die geldmag’,⁸⁵ of ‘die Jode, die imperialiste, die kaffers en die kleurlinge’.⁸⁶ By ander geleenthede was die antwoord heel spesifiek: die regeringsparty (die VP),⁸⁷ genl. Jan Smuts persoonlik,⁸⁸ en selfs by implikasie die Afrikanerparty.⁸⁹ Na die OB kon geen uitdruklike dergelike verwysing gevind word nie, tensy die beskuldiging dat die OB uit ‘Duitse Sappe’ bestaan⁹⁰ in dieselfde lig vertolk moet word.

-
82. *Die Transvaler*, 21.5.1941 (hoofartikel).
83. *Die Vaderland*, 28.10.1941 (Eric Louw op Beaufort-Wes).
84. Vgl. bv. *Die Transvaler*, 9.6.1941, 22.9.1941 en 20.10.1941 (Malan in Germiston, op Victoria-Wes en in Vereeniging respektiewelik).
85. *Ibid.*, 20.10.1941 (Malan in Vereeniging).
86. *Ibid.*, 23.9.1941 (Malan op Aliwal-Noord).
87. *Ibid.*, 7.2.1942 (Malan op Piketberg).
88. *Debatte van die Volksraad*, 43/1942, kol. 53 (tussenwerpsel van dr. N.J. van Nierop, NP-LV vir Mosselbaai, 13.1.1942, tydens ‘n toespraak van genl. Smuts).
89. *Die Transvaler*, 31.1.1942 (hoofartikel).
90. Vgl. bv. *Ibid.*, 29.9.1941 (Malan op Victoria-Wes).

Terselfdertyd is ‘n beskuldigende vinger uitgesteek na die Engelstalige pers, wat volgens Malan in die lewe gebring is deur ‘sekere geldelike belang’ en dus nie werklik vry was nie. Deur dié pers manipuleer die geldmag die openbare mening in Suid-Afrika. Op dié manier het ‘die demokrasie ‘n diktatuur geword en moet dit weggeveeg word’.⁹¹ Koerante wat ná republiekwording dus nog ‘vreemde belang’ wil dien, wat die republiek se afskaffing en die herinstelling van die Britse konneksie bepleit, ‘sal beskou word as deelnemende aan ondermynende en verraderlike bedrywighede’.⁹² Trouens, elke agitasie om die republiek ongedaan te maak, sal ‘snode verraad’ wees en so behandel word. Sou die Regering of die Parlement die vryheid wil verkwasel, dan het die volk die reg op revolusie.⁹³

Wat dus in die praktyk oorbly, is net die NP. Dit is die enigste party wat werklik nasional is⁹⁴ en ook ‘die enigste uit-en-uit republikeinse party’.⁹⁵ Maar dit is nie al nie. Nadat die NP aan die bewind gekom het, so het partyleiers herhaaldelik in dié tyd gesê, moet daar tydelik volmag aan die nuwe regering verleen word om die republiek stewig te vestig. In dié tydperk, wat etlike jare lank kan duur, so het adv. J.G. Strijdom byvoorbeeld in April 1942 gesê, sal

sodanige magte aan die regering van die republiek gegee moet word vir die uitvoering van daardie radikale maatreëls wat nodig is, nie alleen vir die uitskakeling van die onnasionale en anti-nasionale elemente nie, maar ook vir die lê van die fondament waarop ons moet bou en vir die skepping van die nodige masjinerie op staatkundige, ekonomiese en maatskaplike gebied.⁹⁶

In *Die Transvaler* het Verwoerd die kind reguit op sy naam genoem: ‘n ‘tydelike groep-diktatoraat’⁹⁷ [sic]. Ná afloop daarvan sou die volk – altans diegene wat nie geklassifiseer is as ‘onnasionale en anti-nasionale elemente’ nie! – periodiek ‘n president en ‘n volksraad kies.⁹⁸

Waarop dit alles dus in die praktyk neerkom, is ‘n verbod op alle bestaande politieke partye behalwe die NP en dalk ook die OB. Net die NP se toenmalige beleid in breë trekke sou in die republiek verkondig mog word, en net burgers wat – deur die NP? – goedgekeur is, sou die stemreg ontvang.

91. *Ibid.*, 25.3.1941 (Malan op Stellenbosch).

92. *Die Burger*, 5.3.1941 (Malan in Kaapstad).

93. *Debatte van die Volksraad*, 43/1942, kol. 515 (Malan in die debat oor die Republikeinse Mosie, 17-17.1.1942.)

94. *Die Transvaler*, 11.8.1941 (Malan op Rustenburg).

95. *Ibid.*, 21.10.1941 (hoofartikel).

96. *Ibid.*, 26.4.1941 (op Riebeeck-Wes).

97. *Ibid.*, 26.3.1941 (hoofartikel).

98. *Ibid.*, 26.4.1941 (Strijdom op Victoria-Wes).

Behalwe vir 'n verskillende woordgebruik, was daar net een wesenlike verskil tussen die NP en die OB sover dit hul houding ten opsigte van die demokrasie betref: Laasgenoemde wou buite die Parlement sit en wag op 'n Duitse oorwinning, terwyl die NP die waarde van die Parlement as politieke instrument ingesien het om die politieke mag oor te neem. (Hiermee het die NP bewys dat hy – soos etlike dekades later teen die einde van die eeu – ideologies aanpasbaar kon wees wanneer dit gaan om die politieke mag.) Hierbenewens was daar net een nuanseverskil in die sin dat die OB Afrikaans as enigste amptelike taal wou hê, terwyl die NP-leiding vasgehou het aan gelyke taalregte vir Engelssprekendes.⁹⁹ En selfs in dié opsig het sommige Transvaalse nasionaliste soos Verwoerd nie volledig agter die partyleiding gestaan nie.¹⁰⁰

Dit was net af en toe dat leidende Nasionaliste teen die NP se 'demokrasie' geprotesteer het. So het Geyer hom in *Die Burger* uitgespreek teen die feit dat burgerregte net toegeken sou word aan diegene van wie verwag kon word dat hulle 'volksopbouend' optree. 'Wie bepaal wat 'volksopbouend' is?' het hy gevra.

Burgerregte kan nie in 'n vrye staat toegeken en ontneem word volgens 'n vae maatstaf wat so willekeurig uitgelê kan word dat letterlik niemand van sy regte seker sou kon wees nie. Burgerregte mag alleen volgens wetlik vasgestelde reëls en vereistes toegeken word.¹⁰¹

Voordat dié afdeling afgesluit word, moet ons nog op enkele sake wys. Die eerste is dat Malan by verskillende geleenthede en in bepaalde omstandighede burgerlike ongehoorsaamheid goedgekeur het. As die Regering mense sou opkommandeer om in die oorlog te gaan veg (in moderne taal: as diensplig ingestel word), het hy meermale gesê, het mense die volste reg om te weier om te gaan.¹⁰² Sy beginselstandpunt het só gelui:

Verbreking van regulasies [met ander woorde, regulasies wat kragtens die noodtoestand afgekondig is] wat nie behoort te bestaan nie, is iets anders as ondermynende bedrywighede. As u [die Regering] 'n aanval maak op die

-
99. *Debatte van die Volksraad*, 43/1942, kol. 46 (Malan in die debat oor die Republiekinse Mosie, 12.1.1942).
 100. Verwoerd was mede-opsteller van die sogenaamde republiekinse ontwerpgrondwet wat Afrikaans as eerste amptelike taal erken het. Vgl. G.D. SCHOLTZ *Hendrik Frensch Verwoerd*, I (Perskor, Johannesburg, 1974), p. 101.
 101. *Die Burger*, 23.1.1941.
 102. *Die Transvaler*, 25.9.1941 (Malan op Dordrecht); Ibid., 1.6.1941 (in Johannesburg).

Afrikaner as Afrikaner, as u onreg pleeg teen u kant en u doen dit deur noodregulasies, dan sê ek dat ek vry is om daardie regulasies te verbreek.¹⁰³

Geweld om die republiek te verkry was egter heeltemal teen die NP se beginsels.¹⁰⁴

Terselfdertyd het NP-woordvoerders dikwels en heftig beswaar gemaak teen die aanhouding sonder verhoor en internering van mense. As die geïnterneerde dan die wet oortree het, waarom die mense dan nie voor die hof bring nie? was die argument.¹⁰⁵ Dit was woorde wat 'n paar dekades later, toe die NP-regering self aanhouding sonder verhoor ingestel het, wrang in die oor sou klink.

Ten slotte: die felle magstryd tussen die NP en die OB het 'n opmerklike ontwikkeling in die Nasionaalgeseinde Afrikaners se politieke ideologie tot gevolg gehad. Om die stryd te wen, moes albei organisasies hulself as méér as gewone politieke bewegings en partye voorstel, en wel as bewegings wat die Afrikanervolk verteenwoordig, versinnebeeld en dra. Volk en party moes inderdaad as identies voorgestel word. Van die kant van die OB het sy leier, dr. Hans van Rensburg, byvoorbeeld gesê: : 'Die Ossewa-Brandwag is die kern en konsentrasie van die Afrikanerdom' en die beweging ook die 'gemobiliseerde Afrikanerdom' genoem.¹⁰⁶

In 'n politieke konflik waarvan 'n interne magstryd (tussen die NP en die OB) en 'n etniese stryd (tussen die Afrikaners en Engelssprekendes) die hoofelemente is, is dit logies dat daar mettertyd 'n vervaging van die grense tussen politieke party/beweging en volk/etniese groep sal intree. 'n Mens tref dié neiging dan ook al vroeër aan by NP-sprekers,¹⁰⁷ maar die versmelting sou pas nou volle wasdom bereik. So het adv. Strijdom die rol van die party in 'n toespraak byna verabsoluteer:

Daar is net een plan – die party se plan; daar is net een orde en dit is die party se orde; net een beleid en dit is die party se beleid.¹⁰⁸

-
103. *Debatte van die Volksraad* 46/1943, kol. 2905 (Malan tydens die debat oor oorlogsmaatreëls, 5.3.1943).
 104. Vgl. bv. *Die Burger*, 19.9.1941 (hoofartikel); *Die Transvaler*, 1.6.1942 (genl. Jan Kemp in Johannesburg).
 105. Vgl. bv. *Debatte van die Volksraad*, 44/1942, kol. 6508 (kapt. G.H.F. Strydom, 18.4.1942); *Die Transvaler*, 1.6.1942 (adv. J.G. Strijdom in Johannesburg).
 106. P. DE KLERK, "Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag," in P. VAN DER SCHYFF (red.): *Die Ossewabrandwag. Vuurtjie in Droë Gras*, pp. 292 en 296.
 107. Vgl. bv. uitsprake van Malan in 1926 in G.D. SCHOLTZ, *Die ontwikkeling vanj die Politieke Denke*, VII, p. 142; en N.J. van der Merwe in 1936 in F.J. VAN HEERDEN, *Nasionaal-Sosialisme as Politieke Faktor in die SA Politiek*, p. 105.
 108. *Die Transvaler*, 2.7.1941 (op Warmbad).

Malan was bereid om ander organisasies in die Afrikaner-volkslewe naas die party te erken, maar net as stutorganisasies en nie op dieselfde vlak as die party nie. ‘Die party is die moeder,’ het hy gesê, en om die party aan te val, is dus ‘moedermoord’.

Ons is geen partypolitieke organisasie in die gewone sin van die woord nie. Ons is baie meer as dit. As die Herenigde Nasionale Party of Volksparty beliggaam ons die twee grondgedagtes waaronder geen Afrikanervolk ooit moontlik sou gewees het nie. Die een is die Nasionale idee en die ander is die idee van ons herstelde Afrikaner-volkseenheid ... Ons beklee ‘n sentrale posisie in ons Afrikaner-volkslewe. Skeur ons, dan skeur ons hele volk in alle rigtings ...¹⁰⁹

Vir die Afrikanerdom, het Malan op ‘n ander keer gesê, was die NP

dié party ... die party wat hy altyd gewees het – die bewaarder, die beskermer, in baie groot mate ook die skepper van ons eie nasieskap.¹¹⁰

Ruim twee dekades later, in 1960, sou dr. Verwoerd dié idee ten top voer toe hy in ‘n boodskap ter geleentheid van die vyftigste herdenking van die NP se stigting geskryf het:

Die Nasionale Party was nooit en is nie ‘n gewone party nie. Hy is ‘n volk in beweging.¹¹¹

Die ontwikkeling is opvallend. Die idee van volksoewereiniteit was in die negentiende eeu sterk in die Afrikaner se politieke ideologie gevestig. Omdat die Republikeinse Volksrade die volk verteenwoordig het, het die Volksraadslede hulself ook ‘n soewereiniteit begin aanmatig (Transvaal) of dit probeer doen (die Vrystaat). Nie net Afrikaners was egter in die twintigste-eeuse Unie-parlement verteenwoordig nie, maar ook Engelssprekendes, Jode, imperialiste, liberaliste, kapitaliste en onregstreeks selfs swartes en bruines. Daarby was die Afrikaners nie aan die bewind nie en hulle was politiek grotendeels verdeeld en magteloos. Dus het die *party* die kleed van soewereiniteit aangetrek. *Omdat party en volk tot één versmelt het, is die volk en die Parlement se soewereiniteit by implikasie aan die Nasionale Party gedelegeer.*

Dit is vandag maklik om die Afrikaner of die NP van die jare dertig en veertig te veroordeel oor hul ondemokratiese houding. Dit sou ook enigsins goedkoop wees, omdat die veroordeling vanuit ‘n leunstoel en met die

109. S. PIENAAR en J.J.J. SCHOLTZ (eds.): *Glo in u Volk*, pp. 37-38 (op die Uniale NP-kongres in Bloemfontein, 3.6.1941).

110. *Die Burger*, 7.2.1941 (op Stellenbosch).

111. Aangehaal in R. DE VILLIERS, “Afrikaner Nationalism” in M. WILSON en L. THOMPSON (eds.): *Oxford History of South Africa*, II, (Clarendon Press, Oxford, 1971), p. 370.

voordeel van tydsverskil gedoen word. Al wat ‘n mens wel daaroor kan sê, is dat die Afrikaner van destyds onder geweldige druk verkeer het. Hy is verneder, bespot en verag deur die toenmalige regering en die meeste van sy Engelssprekende landgenote. Dit was – tereg of ten onregte – die Afrikaner se oortuiging dat sy voortbestaan as volk in gevaar was. In dergelike omstandighede was uiterste standpunte onvermydelik, hoesear ‘n mens dit ook vanuit ‘n demokratiese oogpunt kan betreur. Soos iemand wat die tyd self meegemaak het, die joernalis Piet Meiring, jare later lakoniek sou skryf: ‘Dit was nie ‘n tyd toe mense veel selfbeheersing beoefen het nie.’¹¹²

Gedeeltelike herstel

Op 7 Julie 1943 is ‘n algemene verkiesing in Suid-Afrika gehou wat van die uiterste belang vir die magstryd in die Afrikanergeledere was. Die NP kon sy seteltal weliswaar met net twee opstoot tot 43 (teenoor die VP se rekordsterkte van 89), maar die party was hiermee die enigste oorblywende beweging in die arena van die Afrikanerpolitiek. Die Afrikanerparty is prakties weggevée. Die Nuwe Orde, wat in elk geval nooit veel beteken het nie, het nie aan die verkiesing deelgeneem nie en het ná 1943, soos ook voor die tyd, net in naam voortbestaan. Die OB het weloorwoë besluit om geen kandidate te stel nie en sou alleen nog iets kon bereik in die geval van ‘n Nazi-oorwinning. Maar met Duitsland het dit sedert einde 1942 al hoe vinniger bergafwaarts gegaan en het dit weldra duidelik geword dat sy nederlaag onafwendbaar was. Die gevolg was dat die OB homself as politieke mag en alternatief vir die NP uitgeskakel het.

Dit het beteken dat die NP hom ná die verkiesing al hoe minder aan die OB kon steur en hom op die stryd teen die VP en die Regering kon toespits. In dié proses was dit nie meer nodig dat hy hom teenoor die OB moes regverdig en as ‘t ware meer nasional-sosialisties as die OB moes wees nie. Dit, saam met die sielkundige uitwerking van die noodwendige Duitse nederlaag, het groter beweegruimte vir die NP oor die demokrasie meegebring. Die felle stryd oor die demokrasie was grotendeels verby en ‘n mens tref opvallend minder verwysings daarna by NP-woordvoerders aan. Die kapitalisme het ‘n skyf gebly, hoewel die uitsprake skaarser en minder skerp word. Suid-Afrika se deelname aan die oorlog het ‘n deel van sy emosionele trefkrag verloor. Uitsprake oor ‘onnasionale en anti-nasionale elemente’, die ‘Brits-Joodse skyndemokrasie’ of die ‘koers en karakter’ van die beoogde republiek tref ‘n mens ná 1943 byna glad nie meer aan nie. Al het OB-voormanne voortgegaan om teen die demokrasie te velde te trek, het die Nasionaliste dit geïgnoreer.

112. P. MEIRING, *Jan Smuts die Afrikaner* (Tafelberg, Kaapstad, 1974), p. 174.

Dit is byna of NP-sprekers ooreengekom het om dié soort argumente nie meer te gebruik of daarop te antwoord nie. Die onderwerp waaraan nou al hoe meer aandag gegee is, was die betrekking tussen blank en swart – of apartheid, soos die NP dit nou begin noem het.

Dit was in sulke kalmer omstandighede dat Strijdom in 1944 byvoorbeeld voor die Nasionale Jeugbond ‘n baie nugter uiteensetting van die demokrasie kon gee.

Demokrasie beteken niks meer of minder as volksregering nie. Kerklik en politiek is die Afrikaner se geskiedenis demokraties. Die Voortrekkers het juis van ‘n diktatuur weggetrek en die eerste demokratiese regering in Suid-Afrika ingestel.¹¹³

By ‘n ander geleentheid het hy gewaarsku dat ‘individuele vryhede’ onder ‘n diktatuur vernietig sal word¹¹⁴ – iets waарoor die NP hom ‘n jaar of twee, drie vantevore glad nie bekommer het nie.

Uiteindelik sou die NP dekades lank ná sy verkiesingsoorwinning van 1948 niks verander aan die Westminsterstelsel wat hy geërf het nie. Dít sou eers in die jare negentig gebeur.

Gevolgtrekking

Die vraag word dikwels gestel hoe ‘n volk soos die Afrikaners, wat self die bitter kelk van verdrukking moes ledig, dieselfde kelk aan ander groepe kon opdwing. ‘n Unieke situasie is dit natuurlik nie; die Joodse Israeli’s – die slagoffers van waarskynlik die ergste misdaad van die twintigste eeu, die Nazi’s se volksmoord – sou later byvoorbeeld die Palestynse kwaai verdruk. In die geval van die Afrikaners is dit relevant om na te gaan presies waar hulle hul idees oor die demokratiese stelsel en teorie vandaan gehaal en hoe dit ontwikkel het. Vir wat ná 1948 gebeur het, kan dit ‘n gedeeltelike verklaring wees. Uit die stof wat in die twee aflewerings van dié beskouing ontleed is, blyk dat ‘n model wat dikwels as verklaring vir die Afrikaners se optrede gebied word, te wete die Calvinisme, nie werklik geldig is nie. Die politieke invloed van die klassieke Calvinisme was te verwaarloos, en dié van die neo-Calvinisme was hoofsaaklik tot die klein Gereformeerde Kerk beperk.

Indien ‘n mens argumentsonthalwe buite rekening laat dat swartes en bruines óf aan die rand van die Afrikaners se demokratiese denke óf heeltemal daarbuite gestaan het, blyk dit dat die ideologiese afkoms van dié denke oorwegend onberispelik liberaal-demokraties was. Net soos in die geval van

113. *Die Transvaler*, 13.9.1944 (in Pretoria).

114. *Ibid.*, 7.8.1944 (in Pretoria).

byvoorbeeld die Amerikaners, het die pioniersomstandighede gehelp om maatskaplike verskille te verklein, en het die Verligtingsideë oor individuele vryheid en regte as natuurreg ‘n groot invloed uitgeoefen. In dié opsig het die akte van menseregte in die Vrystaatse grondwet ‘n demokratiese hoogtepunt verteenwoordig.

Die Afrikaners se demokratiese ideologie het egter reeds in die negentiende eeu van dié elders in die Weste begin afwyk. Om mee te begin het die patriarchale tradisie die invloed van die Verligtingsideë behoorlik beperk. Dít was waarskynlik die rede waarom die Volksrade in sowel Transvaal as die Vrystaat hulself tussen verkiesings as beklee met volmag gesien het, as liggeme waarop geen grondwetlike beperkings van toepassing was nie. Dié idees oor parlementêre volmagte het ná 1910 goed aangesluit by die Britse leer van parlementêre soewereiniteit wat voortaan op die hele Suid-Afrika van toepassing sou wees.

In sy oorsprong is die Britse parlementêre soewereiniteit huis ‘n demokratiese gedagte, aangesien dit die uitkoms was van ‘n magstryd tussen die laerhuis en die koning in die agtziende eeu. Die stelsel werk egter die beste as die partye aan die bewind mekaar met gereelde tussenposes afwissel. In Brittanje het dit help voorkom dat een party te lank aan die bewind bly en sy mag begin misbruik. In Suid-Afrika sou die Nasionale Party ná 1948 ‘n volle 46 jaar regeer, wat beteken het dat hy wel deeglik sy mag misbruik het, veral in die jare sewentig en tagtig, toe die demokrasie toenemend uitgehol is. Die Afrikaners se denke oor parlementêre soewereiniteit en volmagte, wat reeds in die negentiende eeu hul beslag gekry het, bied hiervoor deels ‘n verklaring. Dit het die NP-regering enersyds die politieke magsposisie gegee om hom nie alte veel aan die parlementêre opposisie of die (swak ontwikkelde) burgerlike samelewing buite die politiek te steur nie, en andersyds om die demokrasie kragtens procedures wat formeel demokraties en binne die wet was uit te hol.

Die eksistensiële stryd wat die Afrikaners in die eerste dekades van die twintigste eeu teen die agtergrond van die verwoesting van die Anglo-Boereoorlog, die ekonomiese depressie en die Engelse kulturele en politieke aanslag moes voer, het dit verder gevoer. In hul nood het talle Afrikaner-intellektuele en politici gaan kers opsteek by die nasional-sosialisme en verwante ideologieë. Hulle het vervreem gevoel in die land van hul geboorte, vervreem deur ‘n groep (die Engelssprekendes) wat hulle in mindere of meerdere mate as uitheems ervaar het. *In dié proses het drie sake – die Britse imperialisme, die liberale demokrasie en die kapitalisme – in die Afrikaners se persepsie tot een versmelt. Indien ‘n mens wil begryp waarvandaan die ná-1948-Afrikaners kom, is dit ‘n sentrale en kardinale gevolgtrekking.*

Die nasional-sosialisme het in Suid-Afrika egter ‘n heel eiesoortige inhoud gehad deurdat die pseudo-wetenskaplike klem op rassesuiwerheid hier byna

glad nie voorgekom het nie, terwyl die sosialistiese element om eksistensiële redes baie swaarder as in Nazi-Duitsland geweeg het. Bowendien het die belangstelling in die nasional-sosialisme en verwante ideologieë sterk afgeneem namate Duitsland se vermoë om die gang van sake in Suid-Afrika te beïnvloed weens die verloop van die Tweede Wêreldoorlog ná 1942-'43 verminder het. Ten slotte is historici dit wyd eens dat die invloed van die nazisme – altans vir sover dit die omgang met die demokratiese teorie betref – ná 1948 feitlik heeltemal uitgesterf het.¹¹⁵

Tog was die invloed daarvan onregstreeks waarneembaar. In die felle broederstryd tussen die NP en die OB en die magstryd tussen die Afrikaners en die Engelssprekendes is die NP tot erfgenaam van die negentiende-eeuse patriarge en Volksrade verhef. Die soewereiniteit waarmee laasgenoemdes voorheen beklee is, is om die skouers van die party gehang. Daarmee het die party uit ‘n liberaal-demokratiese oogpunt ‘n ongesonde sentrale posisie in die politieke Afrikaner-ideologie verwerf, een wat sy latere magsmisbruik inderdaad baie vergemaklik het.

Abstract

The Afrikaner and democracy II: the decades before 1948

In this second and last part of a series the authors show that one of the most intense Afrikaner debates of the thirties and forties revolved around the nature of liberal democracy, capitalism and imperialism. The need of so many poor Afrikaners, and the fact that capitalism was seen as the other side of the coin of British imperialism, brought about a situation where many Afrikaner thinkers and politicians sought refuge under the umbrella of national socialism. The main protagonist of this trend was the Ossewa-Brandwag (Ox-wagon Sentinel or OB), but in the power struggle with the National Party (NP), the last mentioned also became infected with national socialist ideas

115. Vgl. P. DE KLERK, “Die Ideologie van die Ossewa-Brandwag,” in P. VAN DER SCHYFF (red.), *Die Ossewabrandwag. Vuurtjie in Droë Gras*, p.323; P.J. FURLONG, *Between Crown and Swastika. The Impact of the Radical Right on the Afrikaner Nationalist Movement in the Fascist Era* (Witwatersrand University Press, Johannesburg, 1991), p. 253; A. HAGEMANN, *Südafrika und das “Dritte Reich”. Rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität* (Campus Verlag, Frankfurt, 1989), pp. 347-348.

Scholtz en Scholtz

about democracy. However, after the OB neutralised itself by not participating in the 1943 election, these ideas largely fizzled out. Nevertheless, in the process the NP started usurping the sovereignty which previously was reserved for the volk and parliament. In the end, this helped bring about a situation where the abuse of power of the NP reign became possible.